**Die Here Jesus vermeerder brood en loop op water (OP218)**

**Joh 6:1-24**

**27 April 2025**

Laasweek het ons ons bestudering van Joh 5 afgesluit – dit het gehandel oor die genesing van die man by die bad van Betesda. Hierdie wonderteken het aanleiding gegee tot die Here Jesus wat geleer het dat Hy volmag van die Vader ontvang het om te mag doen wat Hy besig is om te doen – in besonder dat Hy lewe uit die dood mag bewerk, en ook dat Hy sal oordeel. Laasweek het ons in besonder gekyk na die Getuies na wie die Here Jesus verwys het wat almal Sy getuienis oor Homself bevestig. In totaal het Hy na ses Getuies verwys: Hyself, Johannes die Doper, Sy eie werke, die Vader, die Skrifte en ook Moses. Inhoudelik is die inhoud van al hierdie Getuies dieselfde, en bevestig dus die Here Jesus se eie getuienis. Die tragedie was egter dat die Jode toegang gehad het tot al hierdie getuienis, en nogtans het hulle nie die Here Jesus se volmag erken nie. Die Here Jesus het verduidelik die rede hiervoor is dat hulle nie die liefde van God in hulle gehad het nie. Dit is nodig dat die Here Sy liefde in iemand werk, én dit is nodig dat iemand die getuienis oor die Here Jesus moet bestudeer, voordat so 'n persoon werklik die Here Jesus kan leer ken, en die Here Jesus se werk kan onderskei en waardeer.

Vandag wil ek begin om Johannes 6 te oordink. Dit is 'n lang hoofstuk – in totaal 71 verse. Natuurlik kan ons nie dit alles op een slag hanteer nie. Maar daar is vier maklik onderskeibare dele in die hoofstuk: Die hoofstuk begin met die beskrywing van die vermeerdering van die brood (verse 1-15), dit word opgevolg met die beskrywing van die Here Jesus wat op water loop (verse 16-24), hierna volg die lering van die Here Jesus dat Hy die brood van die lewe is (verse 25-59), en laastens is daar 'n beskrywing van twyfel wat onder die Here Jesus se dissipels ontstaan het (verse 60-71). Ek wil vandag grotendeels spandeer aan die beskrywings van die twee tekens: die vermeerdering van die brood, asook die Here Jesus wat op water loop. Ek gaan ook begin om aandag te gee aan die betekenis van hierdie twee tekens, maar ons kan verwag om nog meer te leer wanneer ons in detail na die Here Jesus se lering oor die brood van die lewe kyk.

Kan ek jou ook net weer daaraan herinner: Johannes bespreek slegs 7 van die Here Jesus se wondertekens in sy evangelieboek. Elkeen van die tekens wat hy insluit, is dus sorgvuldig uitgesoek met 'n spesifieke doel wat moet bydra tot sy oorkoepelende doel – dit is: dat die Here Jesus die Seun van God is, die Messias is, en ons kan lewe deur in Hom te glo. Dit moet ook waar wees van hierdie twee wondertekens.

<u>Teken van die vermeerdering van die brood (Joh 6:1-15)</u>

Lees Joh 6:1-4. Vers 1 begin met "Hierna" – hierdie gebeure het dus na die gebeure by die bad van Betesda plaasgevind, maar ons weet nie hoe lank daarna nie. Vers 4 voeg by dat dit kort voor die Joodse fees van die pasga was. In Joh 2 het ons ook al gelees dit was die tyd van die pasga – dit was toe die Here Jesus die tempel gereinig het. Ons kan dus waarskynlik aflei dit was nou al 'n jaar na die tempelreiniging, en weer tyd vir die volgende pasga. Dit is belangrik om raak te sien die gebeure word gekoppel aan die pasga – dit sal ons later help om die gebeure behoorlik te verstaan.

Ons lees dat die Here Jesus na die oorkant van die See van Galilea gegaan het, saam met Sy dissipels. Volgens Markus se beskrywing, blyk dit dat hulle moeg was omdat die skares hulle die heeltyd gevolg het. Hulle wou vir 'n wyle eenkant wees om te rus en iets te eet – moontlik wou die Here Jesus ook selfs die tyd gebruik om hulle meer oor die pasga te leer, wat nou op hande was. Maar die

skare het hulle selfs soontoe gevolg. Weereens lees ons die skare is getrek deur die feit dat Hy baie siekes gesond gemaak het.

Lees Joh 6:5-9. Toe die Here Jesus opkyk, het Hy gesien dat 'n groot skare op pad is. Hy vra toe vir Filippus waar hulle brood te koop kan kry om vir die skare kos te gee. Hierdie vraag was egter 'n toets – 'n toets vir Filippus en ook die ander dissipels. Die Here Jesus het die vraag gevra, terwyl Hy reeds geweet het hoe Hy wel vir die skare kos gaan gee. Maar Filippus en die ander dissipels moet nou iets leer. Filippus se antwoord was feitlik seker korrek – 200 denarius (d.w.s. ongeveer 8 maande se arbeiderloon) sal nie voldoende wees nie. Andreas se opmerking dat hulle slegs toegang het tot 5 brode en twee visse onderstreep Filippus se antwoord – hulle het eenvoudig nie die middele om die skare te kan kosgee nie.

Lees Joh 6:10-13. Maar die Here Jesus het 'n plan en 'n doel. Hy sê die mense moet gaan sit. Jy kan aanvoel hoe die spanning opbou – die feit dat die skare moet gaan sit, skep die verwagting iets gaan gebeur. Maar hulle het nie die middele nie – immers was daar 5 000 mans alleen, saam met die vrouens en kinders miskien selfs soveel as 20 000. Hulle het net 5 brode en 2 visse! Dan neem Jesus die 5 brode en Hy spreek die seëngebed uit – die spanning neem toe: Hy beplan werklik om die 5 000 mans, en ook die vrouens en kinders, te voed met 5 brode en twee visse! En toe laat Hy die 5 brode en 2 visse uitdeel...kan jy jou indink wat die dissipels moes gedink het? Hierdie gaan 'n groot verleentheid word: Miskien kan die eerste paar groepies mense iets kry om te eet, maar dan is die kos op! En tog is die dissipels gehoorsaam – hulle deel die kos uit. En die kos word nie uitgeput nie. Almal kry iets om te eet – nie net iets nie, elkeen kan kry soveel as wat hy wil hê. Op die ou end is almal versadig. En daarna moet hulle die brokstukke bymekaar maak – want hierdie brood is kosbaar en moet nie gemors word nie. En hulle maak twaalf mandjies vol met die brokstukke – dit lyk of daar na die tyd meer oor was as wat daar aan die begin was, en intussen is 5 000 mans plus die vrouens en kinders versadig.

Lees Joh 6:14-15. Natuurlik is die mense verstom – hier het iets bonatuurliks gebeur! Die skare maak direk die gevolgtrekking dat die Here Jesus die vervulling moet wees van die profesie wat Moses destyds in Deut 18 al gemaak het: Die Here sal vir hulle 'n Profeet soos Moses uit hulle midde na vore laat kom – hierdie Profeet sal God se woorde aan die volk bekend maak. En die skare was reg: Die Here Jesus is inderdaad die vervulling van daardie profesie deur Moses. Die skare het egter so ín vervoering geraak deur wat hulle gesien en geproe het, hulle wil ook die Here Jesus gryp, en Hom hulle koning maak. Hier het hulle egter die bal misgeslaan. Alhoewel die Here Jesus ook inderdaad Koning is, is Hy nie die tipe koning wat hulle wil sien nie – 'n koning wat bonatuurlik vir hulle brood kan gee nie. Gevolglik onttrek die Here Jesus, en Hy gaan alleen verder teen die berg op.

<u>Die betekenis van die teken van die vermeerdering van die brood</u>

Ek beklemtoon net weer: ons gaan nou maar net begin om oor die betekenis van die gebeure te dink. Ons sal nog heelwat meer leer wanneer ons na die latere lering van die Here Jesus kyk.

Om die betekenis van die gebeure behoorlik te verstaan, is dit belangrik dat ons kennis moet neem van 'n paar belangrike dinge wat spesifiek genoem word: Joh 5:45-46 het die getuienis oor die Here Jesus afgesluit deur na Moses se getuienis te verwys. Alhoewel die broodvermeerdering 'n tyd later gebeur het as Joh 5, het die leser van die Johannes-evangelie Moses in sy gedagtes as die laaste getuie na wie Johannes verwys het. Joh 6:4 lig uit dat hierdie broodvermeerdering naby aan die tyd van die pasga plaasgevind het. Die pasga was natuurlik die jaarlikse fees waartydens die Israeliete hulle verlossing deur die Here onder die leiding van Moses uit Egipte gedenk het. Die eerste pasga is gevier net voor hulle uit Egipte getrek het. In Joh 6:31 maak die skare die konneksie tussen die

broodvermeerdering en die manna wat die volk destyds in die woestyn geëet het na die uittog op pad na die beloofde land. In Joh 6:12 het die Here Jesus gesê hulle moet die brokstukke optel, want dit moet nie gemors word nie – dit is kosbaar. Dit laat mens dink aan die reëling vir die viering van die pasga – daar mog niks van die paaslam oorbly tot die volgende more nie – dit is kosbaar. In Joh 6:14 maak die skare direk die konneksie tussen die Here Jesus en die Profeet waarvan Moses destyds al getuig het wat sou kom. Die punt wat ons moet raaksien is dat daar baie raakpunte is tussen hierdie gebeure tydens die broodvermeerdering, en die gebeure destyds in die dae van Moses, die instelling van die pasga, asook die manna uit die hemel. Ek gaan dit nie nou in detail oordink nie – maar neem kennis van hierdie raakpunte terwyl ons nou die gebeure van die broodvermeerdering vars in ons gedagtes het.

Maar ons kan al heelwat leer oor die Here en Sy werk met Sy kinders deur net na die gebeure te kyk: In die eerste plek leer ons hoedat die Here vir Sy kinders voorsien. Kyk na die volgende:

- Hier was 'n krisis op hande: 'n groot skare sonder kos teen 'n berghang, terwyl al toegang tot kos wat daar was 5 brode en 2 visse was. Ons lees dat dit 'n toets was – 'n toets vir Filippus en Andreas, en waarskynlik ook vir die ander dissipels. Hulle was diep onder die indruk dat daar geen manier was waarop hulle aan die skare mense kos kon gee nie. En tog gaan die Here Jesus voort: Hy laat die mense sit, Hy bid vir die kos, en Hy sê hulle moet uitdeel. Die dissipels kon eenvoudig nie sien hoe hierdie krisis opgelos kan word nie. En dan los die Here Jesus die krisis op: Hy voorsien bonatuurlik. Die dissipels moes leer: Die Here Jesus kan meer doen as wat hulle gedink het moontlik was.
- Maar, om deel te kan wees van die bonatuurlike uitkoms, moet daar geloof in die Here Jesus wees. Selfs die skare moes glo hulle gaan kos kry – hulle moes dit demonstreer deur te gaan sit . Die dissipels moes glo dat daar 'n uitkoms moontlik was – hulle moes dit demonstreer deur te begin om die kos uit te deel. Jy gaan die bonatuurlike uitkoms wat die Here Jesus kan bewerk net ervaar as jy in Hom glo, en oortuig is Hy kan uitkoms bewerk, al weet jyself glad nie hoe 'n oplossing moontlik is nie. Jy moet oortuig wees Hy is die Seun van God. Jy moet al daardie getuienis glo oor Sy volmag.
- Wanneer die Here Jesus die uitkoms bring in 'n krisis, dan bring Hy dit in 'n ruim mate – 5000 mans plus vrouens en kinders het versadig geword, en daar was na die tyd meer kos oor as aan die begin. Glo jy dit is moontlik? Onthou Ef 3:20-21: "Aan Hom wat deur Sy krag wat in ons werk, die mag het om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, aan Hom kom toe die heerlikheid in die kerk en in Christus Jesus, deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig. Amen."

Die punt is: As jy as 'n gelowige in 'n krisis is, en jy kan eenvoudig nie 'n uitkoms sien nie, beteken dit glad nie dat daar nie 'n uitkoms is nie. Dit is juis dan dat jy in die geloof moet vashou aan die Here Jesus – Hy is die Seun van God, Hy is in beheer, jy het in daardie krisis gekom omdat Hy jou wil toets. Hy wil jou proefondervindelik leer Hy kan enige krisis oplos. Glo in Hom. Hy kan bonatuurlik voorsien. Hy kan selfs ruim voorsien. Die Here Jesus kon sekerlik dit vir Sy dissipels geleer het daar teen die berghang – maar Hy het besluit hulle sal meer leer deur dit te ervaar. As jy werklik die bonatuurlike uitkoms van die Here Jesus wil ervaar, moet jy egter eers in 'n krisis wees. Ongelukkig is dit egter ook waar, dat selfs as ons in 'n krisis is en ons beleef die bonatuurlike uitkoms van die Here, leer ons nie altyd soveel as wat ons behoort te leer nie – soos wat ons netnou sal sien.

Ons leer egter nog iets uit hierdie gebeure: Die skare het tereg die konneksie tussen die Here Jesus en Moses se profesie oor die komende Profeet gemaak. Natuurlik is die Here Jesus daardie Profeet, en natuurlik kom maak Hy die woorde van God aan ons bekend. En dit is belangrik dat ons na Hom

sal luister – soos wat ons twee weke gelede gesien het. Maar die skare was verkeerd toe hulle geoordeel het die Here Jesus moet hulle koning wees. Ja, die Here Jesus is Koning – maar nie die koning wat hulle wou hê nie – Hy is nie 'n koning wat net fisiese brood en fisiese voorspoed wil gee nie. Nee, Hy is veel meer as dit met 'n veel groter doel: Sy doel is om lewe uit die dood te wek, veral om geestelike lewe uit geestelike dood te wek. En ons as gelowiges moet dit in gedagte hou ook wanneer ons in krisisse kom: ja, dit is 'n toets, ja, ons moet dan in die Here Jesus vertrou en glo, ja, die Here Jesus kan bonatuurlik verlos – maar onthou die verlossing wat Hy in gedagte het, is: verlossing uit sondedood. Dit is veel belangriker vir die Here Jesus dat ons oorgaan van die dood na die lewe, as dat my besigheid van bankrotskap gered word. As ek in 'n krisis is moet ek dit onthou: hoe dra hierdie krisis by tot my groei as kind van die Here, hoe gaan Hy hierdeur geloofsgroei werk – selfs op bonatuurlike wyse.

<u>Teken van Jesus wat op die water loop (Joh 6:16-24)</u>

Lees Joh 6:16-17. Teen die aand van dieselfde dag waarop die Here Jesus die brood vermeerder het, het die dissipels weer afgegaan van die berg af na die see van Galilea. Daar het hulle in 'n boot geklim, en begin om terug te roei na Kapernaum aan die oorkant van die see. Die Here Jesus was egter nie by hulle nie – Hy was steeds hoër op teen die berg. Hulle roei dus alleen oor die see. Dit was later al donker.

Lees Joh 6:18-19. Terwyl hulle besig was om te roei, het die wind sterk begin waai, en die see het onstuimig geword. Hulle was omtrent so 5 km weg van waar hulle begin roei het, in die donker, in die onstuimige storm, toe hulle die Here Jesus op die see sien loop. Hy was al baie naby aan die boot. Dit maak hulle bang.

Lees Joh 6:20-21. Die Here Jesus het egter vir hulle gesê: "Dit is Ek; moenie langer bang wees nie". Ons lees die dissipels wou Hom nog by hulle in die boot neem, maar skielik was hulle by die land aan die oorkant by Kapernaum. Dit was die dissipels se ervaring van hulle terugkeer na Kapernaum na die broodvermeerdering.

Ons lees egter ook van die terugkeer van die skare na Kapernaum na die broodvermeerdering. Lees Joh 6:22. Die skare moes oornag het aan die oorkant van die see. Hulle het die volgende dag eers na die see afgegaan. Hulle het toe tot die besef gekom daar was net een boot – en dit was die boot waarmee die dissipels al die vorige aand teruggekeer het na Kapernaum. Hulle het ook verstaan dat die dissipels alleen vertrek het – die Here Jesus het nie saam met hulle vertrek nie.

Lees Joh 6:23-24. Alhoewel die Here Jesus nie die vorige aand saam met Sy dissipels op die enigste beskikbare boot vertrek het nie, kon die skare Hom nie weer vind aan die oorkant van die see nie. Toe daar ander bote vanaf Tiberias opdaag, het hierdie mense hierdie bote geneem en teruggevaar oor die see ook na Kapernaum. Hulle het veilig in Kapernaum aangekom, en daar verder na die Here Jesus gesoek.

Ek vertrou dit is duidelik: Twee groepe wat by die broodvermeerdering was, het twee heeltemal verskillende ervarings gehad om oor die see te vaar terug na Kapernaum toe. Die dissipels het in die aand vertrek, sonder die Here Jesus. Hulle het in die nag in 'n storm beland. En toe kom die Here Jesus na hulle toe aangeloop op die water. Hy verseker hulle, hulle moet nie bang wees nie. En so kom hulle veilig in Kapernaum aan. Daarteenoor is daar die ervaring van die skare. Hulle het tot die volgende dag gewag. Toe hulle nie die Here Jesus kon vind nie, het hulle in bote vertrek. Hulle het oordag geroei. Daar was nie 'n storm nie. Hulle ervaar dus nie die Here Jesus wat na hulle toe kom op die water nie. En tog het hulle ook Kapernaum veilig bereik. Nou is beide groepe, sowel as die

Here Jesus, terug in Kapernaum. En omstandighede is nou gereed vir die lering deur die Here Jesus oor die brood van die lewe.

<u>Die betekenis van die Here Jesus wat op die water loop</u>

Dit is tog 'n bietjie vreemd, is dit nie? Johannes beskryf eers die teken van die vermeerdering van die brood. Daarna beskryf hy die teken van die Here Jesus wat op die water loop, en eers daarna volg die lering oor die brood van die lewe. Dit voel tog asof die loop-op-die-water insident die eenheid tussen die teken van die broodvermeerdering en die lering oor die brood van die lewe onderbreek. Ja, dit is sekerlik so, dat dit die volgorde is waarin die gebeure afgespeel het. Maar ons weet nou al Johannes sluit nie sommer net 'n teken in bloot omdat dit gebeur het tussen die broodvermeerdering en die brood-van-die-lewe lering nie. Nee, hy het sorgvuldig gekies watter tekens hy insluit. Let verder daarop: Die drie sinoptiese evangelies beskryf ook almal die teken van die broodvermeerdering. Dit is egter net Matteus en Markus wat dit opvolg met die loop-op-water insident, Lukas laat die loop-op-water insident weg. En nie een van die drie sinoptiese evangelies sluit die lering oor die brood van die lewe in nie. Dit is net Johannes wat aldrie insluit. Ons moet aflei dat daar 'n goeie rede moet wees waarom Johannes aldrie insluit. Boonop is dit so dat Johannes tipies die beskrywing van 'n teken opvolg met 'n gesprek oor die dieper betekenis van die teken. Dit lyk dus asof Johannes 'n verband sien tussen die teken van broodvermeerdering en die teken van Jesus wat op die water loop. Beide word opgevolg met die lering oor die brood van die lewe.

Kom ons probeer om raak te sien wat Johannes in gedagte gehad het – en ek moet weer erkenning gee aan Mark Johnston – ek is besig om groot respek vir sy insig te ontwikkel.

Onthou, dit was amper die tyd vir die pasga. In die tyd voor die pasga is die saak wat in elke Jood se gedagte leef: binnekort gaan ons pasga vier, en dan gaan ons die paaslam eet. Maar sopas het beide die dissipels en die skare geëet – hulle het van die vermeerderde brood geëet. Hulle het daarvan geëet daar op die oorkantste wal van die see van Galilea teen die berg. Hulle het van die vermeerderde brood geëet, soos wat die Israeliete daardie eerste paaslam geëet het in Egipte. Wat het die Israeliete gedoen nadat hulle die paaslam geëet het? Hulle het vertrek – hulle het uit Egipte vertrek. Fokus nou eers op die dissipels. Wat het hulle gedoen nadat hulle die vermeerderde brood geëet het? Hulle het ook vertrek – terug na Kapernaum.

Wat het op die Israeliete gewag toe hulle uit Egipte getrek het? Daar was teleurstelling. Hulle het nie direk met die kortste pad na Egipte getrek nie. Hulle moes by die Rietsee kamp opslaan. En toe kom die Egiptenare agter hulle aan. En hulle word bang. Netso het die dissipels ook vertrek – met 'n boot. Maar dit was donker, en die wind het sterk begin waai. En hulle word ook bang.

Die Israeliete het destyds hulle lot by Moses bekla. Maar Moses het vir hulle gesê: "Moenie bang wees nie! Staan stil en aanskou die verlossing van die Here wat Hy vandag vir julle gaan bewerk." (Eks 14:13). Netso het die Here Jesus op die water na die dissipels geloop en vir hulle gesê: "Dit is Ek; moenie langer bang wees nie."

Wat was die uiteinde van die krisis vir die Israeliete? Die Here het hulle deur die Rietsee gelei en hulle het veilig aan die oorkant aangekom. Wat was die uiteinde van die krisis vir die dissipels? Die Here Jesus het hulle deur die see van Galilea gelei en hulle het veilig aan die oorkant aangekom.

Sien jy die punt? Dit was die uit-Egipte-verloste-volk wat deur die Rietsee moes trek. Hulle is tog die Ou Testamentiese tipe van die gelowiges. Netso was dit juis die dissipels, wat tog sekerlik die gelowiges verteenwoordig, m.a.w. mense wat reeds verlos is, wat deur die storm op die see moes roei. Ons moet raaksien dat dit juis gelowiges is wat getoets word. Die vorige dag is die dissipels

getoets met die krisis om vir 'n skare kos te gee. Toe het hulle geleer hulle moet op die Here Jesus vertrou – Hy sal die krisis hanteer, selfs op bonatuurlike wyse as dit nodig is, Hy sal ruim uitkoms bring. Maar, later op daardie selfde dag in die aand toe hulle weer in 'n krisis is in die storm op see, is hulle bang. Maar weer is dit die Here Jesus wat weer op bonatuurlike wyse tot hulle hulp kom – en toe hulle weer sien is hulle op die oorkantste wal. Die lewe van 'n gelowige is allermins 'n lewe van gemak en voorspoed. Ja, dit is so, as gelowige beleef jy op stadiums die bonatuurlike vermeerdering van brood en jy staan verstom oor die vermoë van die Here Jesus. Maar later op daardie selfde dag, is jy bang in die donker storm op see. Nou moet jy toepas wat jy vroeër geleer het – die Here Jesus sal voorsien. Die lewe van 'n gelowige is 'n lewe van toetse wat die Here aanlê. Uit elke toets moet jy leer, sodat jy die volgende een verantwoordelik kan hanteer. En onthou wat die Here Jesus se doel is: Hy wil die gelowiges uit die dood na die lewe bring – Hy wil hulle by volmaaktheid bring. Die volk moes destyds deur die Rietsee gaan, en daarna vir 40 jaar deur die woestyn trek – vol toetse. Die dissipels kon saam met die Here Jesus wandel en leer. Maar hulle moes ook deur die storm op see gaan – en daar sou later nog baie toetse wees. Netso kan ons as gelowiges ook toetse verwag, waaruit ons moet leer.

Maar kom ons dink nou oor die skare. Hulle het ook van die vermeerderde brood geëet. Hulle het ook veilig in Kapernaum aangekom. Maar hulle het nie die trauma van die nag op see in die storm gehad nie. Hulle gaan ook nou deelneem aan die gesprek oor die brood van die lewe. Is dit nie 'n beter roete nie? Ja, dit is so, hulle het ook veilig in Kapernaum aangekom. Ja, hulle het nie die trauma gehad van die storm op see nie. Maar, hulle het ook nie die ervaring gehad van die Here Jesus wat in die storm op die water na hulle gekom het en gesê het: "Dit is Ek; moenie langer bang wees nie." Dit bly eenvoudig 'n feit: ons kan net wonderbaarlike verlossing uit die storm beleef, as ons eers in die storm is. Moet my nie verkeerd verstaan nie: Ek redeneer nie ons as gelowiges moet een krisis na die ander soek om die verlossing van die Here te mag smaak nie. Dit is nie ons wat die toetse moet soek nie – dit is die Here wat die toetse aanlê. Hy weet wat Hy met elke toets wil bereik. Nie alle gelowiges belewe dieselfde toetse nie. Sommige gelowiges leer vinniger uit toetse en verdere toetse is nie nodig nie. Ander gelowiges is deur die Here gekies vir besondere werk – daarom wil Hy hulle meer geleentheid gee om te leer om Hom werklik te vertrou, en hulle eindig in meer krisisse. Ons het nie insae in al hierdie dinge nie. Wat ons moet leer is: As daar 'n toets kom, het die Here dit so beplan, en Hy sal ook die uitkoms gee – en ons moet uit elke geleentheid leer. Dit beteken ons oë moet oop wees om die toets te kan raaksien, dit beteken ons moet ons in die toets inspan om te kyk na die verlossing wat die Here Jesus gaan bewerk, dit beteken ons moet uit die toets leer, sodat ons beter voorbereid sal wees op die volgende toets.

Uit Joh 6:70-71 lyk dit asof selfs Judas Iskariot op hierdie stadium al deel was van die dissipels. Dit lyk of hy deel was van die broodvermeerdering, en dit lyk of hy selfs deel was van die storm op see. En steeds het hy die Here Jesus verraai – hy het niks geleer uit beide die tekens nie. Hy is verlore. Dit is moontlik dat iemand deel kan wees van 'n geloofsgemeenskap, dat so 'n persoon blootgestel kan word aan al die getuienis oor die Here Jesus, dat so 'n persoon selfs wonderbaarlike bonatuurlike verlossing deur die Here Jesus mag belewe as deel van die gemeenskap – maar die persoon slaan eenvoudig nie ag op dit alles nie, hy dobber maar net voort deur al hierdie dinge. En op die ou end gaan hy nie oor van die dood na die lewe nie. Ten diepste is die probleem met hierdie mense dat hulle nie die liefde van God in hulle het nie, soos ons laasweek by die Jode gesien het.

Die Here toets alle mense. Ons kan nie uit die toets 'n gevolgtrekking maak of iemand gelowig of ongelowig is nie. Ons moet egter wel seker maak dat wanneer ons getoets word, dat ons werklik leer om na die Here Jesus te luister en om in Hom te glo. Dan kan ons seker wees Hy sal ons oorbring van die dood na die lewe. As gelowiges kan ons verwag om by tye verwonderd te staan oor die

oorvloedige bonatuurlike voorsiening van die Here. Ons kan ook verwag om by tye bang te wees in 'n krisis – maar dan moet ons steeds vashou daaraan Hy sal die uitkoms voorsien. Selfs in daardie ongeneeslike siekte wat my lewe gaan neem, sal Hy wel bonatuurlik voorsien – wanneer ek met my fisiese dood oorgaan na die ewige lewe. Ons as gelowiges het immers in hierdie lewe alreeds oorgegaan van die dood na die lewe.